# Zuid-Afrikaansche Boer Republieke

## OPENBARE KENNISGEWING – HERSTEL VAN STATUS EN ZABR ID

10 September 2026 Verw. #: ZABR-Openb_Ken_008

**UITGEREIK DEUR:** Die Tydelike Adviesraad (TAR) van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR), geadministreer namens die Kollektiewe Zuid-Afrikaansche Boervolk (ZAB) ingevolge die ZAB Deklarasie van Onafhanklikheid van "100 Man" (12 Julie 2025) en die konsep ZABR Grondwet.

**Aan:** Alle politieke partye, kulturele organisasies, erfenisliggame, bewegings, individue en Boervolk-volksgenote

**IN SAKE: Openbare Kennisgewing van die Zuid-Afrikaansche Boervolk se Proses van Versoek om Herstel van Status en ZABR Kulturele Identiteitsdokument.**

### 1. Inleiding

Die Tydelike Adviesraad van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke bring hiermee openbaar tot die aandag van alle belanghebbendes die amptelike proses van **Versoek om Herstel van Status** en die uitreiking van die **ZABR Kulturele Identiteitsdokument**.

Hierdie proses is nie die stigting van 'n nuwe beweging of organisasie nie. *Dit is die herstel van die inherente, historiese en verbondsmatige status van die Zuid-Afrikaansche Boervolk as 'n afsonderlike, inheemse volk.*

**2. Grondslag van die Proses**

Die proses van Herstel van Status berus onder andere op die volgende verklarings en dokumentasie:

1. Die ZAB se Deklarasie van Onafhanklikheid van "100 Man" (12 Julie 2025)
2. Die Boer Verklaring van die Zuid-Afrikaansche Boervolk
3. Die ZAB Ethos
4. Die konsep ZABR Grondwet
5. Die ZABR se Voorlegging aan die UNPFII (26 Februarie 2026)
6. Die Verklaring van Herstel in Staatskoerant (# 54356 van 20 Maart 2026 Algemene Kennisgewing 3833)
7. Die Verklaring van Erfenishandves
8. Die Kennisgewing van Identiteit, Onafhanklikheid en Nie-Verbondenheid

**3. Beginsels van die Herstel van Status**

Die Zuid-Afrikaansche Boervolk bevestig die volgende:

1. **Selfbeskikking en eie administrasie**
   Dit is 'n volk se inherente reg en verantwoordelikheid om haarself te administreer, haar eie toekoms te bepaal en haar eie sake te behartig.

   Die Zuid-Afrikaansche Boervolk is bevoeg om oor haarself te beskik en is besig om haarself as 'n soewereine volk te herstel.

2. **Bewaring van geskiedenis en nalatenskap**
   Dit is 'n volk se plig om haar eie geskiedenis, erfenis en nalatenskap te bewaar en te versorg. Die nageslag bly haar eie verpligting.

3. **Verwerping van vreemde oorheersing**
   Die Zuid-Afrikaansche Boervolk verwerp

   - die Verdrag van Vereeniging, wat onder dwang deur volk uitwissing aan die Boervolk afgedwing is;
   - die oorheersing deur volksvreemde entiteite en instansies;
   - die gedwonge Afrikanernasionalisme
   - en die partypolitieke stelsel waaraan ons onderworpe gestel is.

4. **Geestelike en Verbondsmatige Herstel**
   Die Zuid-Afrikaansche Boervolk streef daarna om as 'n volk vir haar Almagtige Hemelse Vader te leef. Deur Hom eerste te plaas, Sy Woord te gehoorsaam, Hom

te dien en Hom te vrees. Deur haar geestelike verantwoordelikheid op haar self as ‘n volk te neem. Die Herstel van Status is ’n geestelike sowel as fisiese daad.

5. **Erkenning van die ZABR se mandaat**
   Volksgenote erken en aanvaar die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke as ‘n soewereine en volkseie kultureel administrasie met ’n mandaat van die lewende kollektiewe Boervolk, met die fokus op die behoud en volkereg van die Boervolk as ’n unieke en histories internasionaal erkende volk.

6. **Duidelike identiteit verklaring**
   Volksgenote wat hul voeg tot die Zuid-Afroikaansche Boervolk, verklaar nie net wie hulle is nie, maar ook wie hulle nie is nie.

7. **Boervolk Eenheid en ‘n nuwe begin**
   Hierdie daad is ’n openbare en simboliese verklaring

   - dat volksgenote hulself losmaak van die RSA jurisdiksie;
   - dat volksgenote hul doelbewus skaar by die Zuid-Afrikaansche Boervolk;
   - om selfbeskikking as volk te verwesenlik;
   - en om as ’n volk vir die Almagtige te kan leef.

**4. Aard van die Proses**

Volksgenote raak nie deel van ’n groep of beweging nie, hul voeg hulself by die lewende Boervolk, die Zuid-Afrikaansche Boervolk, wat in proses is om haar Geloftes as volk na te kom – deur nie meer net te beloof nie, maar deur op te tree, deur dit te leef. Die ZABR kulturele ID dien ter bevestiging van ‘n volksgenoot se beginsels en geloofsoortuiging.

**5. Oproep**

Wanneer Vader se Gees met u spreek deur hierdie kennisgewing en uself hiermee kan vereenselwig, is dit u verantwoordelikheid om op te tree.

Neem die keuse – **Herstel u Status.**

> Ter wille van die bloed en opoffering van u voorgeslagte en ter wille van die toekoms van u nageslag.
>
> Ter wille van die voortbestaan as ‘n soewereine volk en van die Geloftes wat gemaak is.

**6. Slot**

Die Zuid-Afrikaansche Boervolk herstel haar status – as volk – voor haar Almagtige Hemelse Vader. Óf u voeg uself toe, óf u verkies om dit nie te doen nie. Die keuse is elkeen se eie om te maak. Ons pleit by volksgenote wat in vertroue en standvastige beginsels hul in eenheid tot die Zuid-Afrikaansche Boervolk te voeg.

**Voorbehoud van Regte sonder vooroordeel.**

Hierdie dokument verteenwoordig 'n vreedsame, goede-trou uitdrukking van die historiese *Boervolk*, gesamentlik en deursigtig nagestreef deur betrokke volksgenote, en nie namens enige organisasie, politieke liggaam, kommersiële entiteit of eksterne belang nie. Alle verklarings hierin word uitsluitlik in die wettige belang, waardigheid en beskerming van die *Boervolk* self gemaak.

In ooreenstemming met gevestigde Gemenereg-maksimes en internasionaal aanvaarde regsbeginsels, waar geen wettige skade, besering of bewese slagoffer bestaan nie, ontstaan daar geen wettige oorsaak van aksie nie. Gevolglik mag geen jurisdiksie of nadelige regs afleiding wettiglik geheg word sonder 'n behoorlik gevestigde en wettige regs oorsaak van aksie nie.

Niks in hierdie dokument sal geïnterpreteer word as 'n afstanddoening van regte, onderwerping aan onwettige jurisdiksie, of toestemming tot onredelike of onregverdige prosesse nie. Alle regte, regsmiddels en wettige beskerming word uitdruklik sonder vooroordeel voorbehou. Hierdie dokument bevestig respek vir wettige gesag, behoorlike proses, menswaardigheid en vreedsame oplossing onder erkende regs standaarde.

Hierdie kennisgewing word in vrede uitgereik as deel van die Witvlag-proses.

**Geteken te goeder trou vir en namens die Boervolk-kollektief deur die ZABR Tydelike Adviesraad:**

……………………………………………

/s/ **Rudolph** van die familie **van Jaarsveld**

**Voorsitter** (Waarnemend), Tydelike Adviesraad

……………………………………………

/s/ **Isaac** van die familie **van Heerden**

**Sekretaris-Generaal**, Tydelike Adviesraad

……………………………………………

/s/ **Rudolph** van die familie **van Jaarsveld**

**Hoof Reg-Bemiddelaar**, ZABR Volkshof